

19 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 119:161-176

Fokusgedeelte: Psalm 119:164, 175

“Laat my lewe dat ek U kan loof!”

Ten spyte van vervolging en verguising vind die psalmdigter sy vreugde in die Woord van die Here net soos iemand wat 'n groot geskenk gekry het. Die bepalings van die Woord laat hom nie alleen leuens haat en verafsku nie, maar hy kan God nie genoeg daarvoor dank nie.

Terwyl hy sy hoop op die Here vestig, jaag hy in liefde die geboie en verordeninge van God na, want dit gee lewe. Hy loof en prys die Here sewe maal op 'n dag – dus die hele dag deur – vir sy verordeninge. “My hele lewe lê oop voor U” (vs 168). Nou pleit hy die Goeie Herder om gehoorsaamheid omdat hy juis in gehoorsaamheid God deur sy lewe kan loof.

Die “heil/hulp” van die Here waarna hy in vers 174 smag, het gekom. Jesus Christus, die Goeie Herder het sy lewe vir verlore skape soos ons afgelê sodat ons vir Hom kan lewe. Nog meer, die Heilige Gees wek ons deur die Woord op om as nuwe mense te leef. Ook in donker dae van beproewinge mag ons nie op eie bekommernisse fokus nie, maar moet altyd in gehoorsaamheid en liefde vir die Woord, wat die lig vir ons pad en die lamp vir ons voet is, steeds die verordening van God najaag.

Sing: Psalm 119:63 (1936-beryming)

Ds S Hibbert (Koster)